# HOOFSTUK 2

# HISTORIESE VERLOOP VAN SKOOLVOORLIGTINGSDIENSTE IN ENKELE OORSESE LANDE EN SPESIFIEK BEROEPSLEIDING IN DIE RSA

## 2.1 INLEIDING

Ten einde die plek van beroepsleiding binne die opvoedkundige leidingprogram te bepaal, word dit gerade geag om kursories op enkele oorsese lande se voorligtingsdienste tot en met die vroeë tagtigerjare te let. In 'n poging om die huidige beroepsleidingprogram van die Transvaalse Onderwysdepartement te evalueer, is dit nodig om kortliks te let op die historiese verloop van beroepsvoorligting in die RSA in die ooreenstemmende periode.

Daar sal in die loop van die bespreking gepoog word om perspektief te kry op die huidige beroepsleidingprogram van die Transvaalse Onderwysdepartement en tot 'n sintese te kom, sonder om 'n vergelyking tussen die onderskeie stelsels te trek. Die bedoeling is allermins 'n in-diepte-studie, maar moet eerder as 'n terloopse bespreking en as agtergrond beskou word vir die onderhawige studie.

## 2.2 VOORLIGTINGSDIENSTE IN ENKELE OORSESE LANDE

Vervolgens word die historiese verloop van die voorligtingsdienste in enkele oorsese lande onder die loep geneem. In die bespreking van die oorsese voorligtingstelsels is hoofsaaklik gebruik gemaak van die publikasies van die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing.

### 2.2.1 Brittanje met spesifieke verwysing na Skotland

In Skotland het die Skotse Onderwyswet in 1918 in werking getree waarvolgens 1000 skoolrade met 33 distriks- en

stedelike onderwysowerhede ingestel is om onderwysbeplanning te doen en te voorsien in die onderwysbehoeftes (Joubert, 1975:57). In 1929 skaf die "Local Government Act" ad hoc-owerhede af en word die onderwysadministrasie aan die stadsrade van Dundee, Aberdeen, Edinburgh en Glasgow, asook aan distriksrade van alle ander streke toevertrou (Spies, 1976:5).

Met die daaropvolgende onderwyswetgewings in 1945, 1957, 1962, 1963, 1965, 1967 en 1969 word groter magte en verantwoordelikhede aan onderwysowerhede toegestaan (Spies, 1976:6). Veral na die Tweede Wêreldoorlog het gemeenskapsdruk tot gevolg gehad dat Skoolvoorligting in Brittanje, snelle veranderinge ondergaan het (Craft, 1974:13-15; Hyndman, 1978:216-221).

Volgens King (1974:230-232) het beroepsgerigte onderwys min aandag sedert die Industriële Revolusie tot en met die vroeë sewentigerjare geniet - nieteenstaande wetgewing in 1918 en 1944 in hierdie verband. Teen die middel sestigerjare het slegs 10% van die Britse jeug hulle skoolloopbaan volledig deurloop (Anon, 1967:25). In die laat sestigerjare en vroeë sewentigerjare het die situasie in Brittanje aansienlik verbeter (King, 1974:231; Ryba, 1988:36).

Binne die onderwysstelsel was daar 2 voorligtingsprogramme waarvan die een binne die skool en die ander buiteskools funksioneer het (Ball, 1984:105). Die personeel wat die voorligtingsprogram binne die skool moes deurvoer was die skoolhoof en sy hele personeel, terwyl die "loopbaanonderwyser" die beroepsvoorligting hanteer het. Die personeel se taak was om inligting en advies aan ouers en hul kind te verskaf in verband met onderwys- en beroepsaangeleenthede (Scottish Education Department, 1973:6-7; Craft, 1974:14-15; Haasbroek <u>et al</u>., 1970:5-6).

Die voorligtingpersoneel binne die skool het geen formele opleiding in Skoolvoorligting tot en met 1970 ontvang nie, maar was wel opgeleide onderwysers (Spies, 1976:38-44). Spesiale kursusse is wel aangebied om die loopbaan-onderwyser beter te bekwaam. Aan die begin van die sewentigerjare is ook begin om onder andere "school counselors" aan te stel. So 'n skoolberader moes 'n gekwalifiseerde onderwyser wees met minstens vyf jaar onderwyservaring (Scottish Education Department, 1973: 20). Die kursus wat so 'n persoon moes deurloop, het 'n jaar geduur (Haasbroek et al., 1970:7; ook Spies, 1965: 99).

Daar het destyds geen eenstemmigheid ten aansien van die beginsels van Skoolvoorligting en die implementering daarvan in die Skotse onderwysstelsel bestaan nie (Scottish Education Department, 1973:22; vgl. ook Spies, 1976:19-23). Daar bestaan uiteenlopende benaderings tot aspekte van Skoolvoorligting en skoolvoorligtingsdienste (Anon., 1967:22-23), maar oor die doelstellings met Skool-voorligting is daar eenstemmigheid, naamlik om die leer-ling te oriënteer ten opsigte van die skool self; om hom te help om homself, sy belangstellings en aanleg te ont-dek asook om die leerling by te staan met sy kursus- en beroepskeuses (Scottish Education Department, 1973:4 en 8-9; Hyndman, 1978:95 e.v.).

In die primêre skool se onderwys- en opvoedingsverantwoor-delikheid word die kind se persoons-, emosionele- en sosiale ontwikkeling, naas vakonderrig van vroeg af reeds hoog aangeslaan (Spies, 1976:13). In die eerste twee jaar van die sekondêre skool word die leerling blootgestel aan 'n wye verskeidenheid vakke om sy besondere vermoëns, belangstelling en aanleg te bepaal. Aan die einde van die tweede sekondêre skooljaar kan die jeugdige die skool verlaat, indien hy dit verkies. Vir dié leerling wat die skool na die vierde sekondêre skooljaar wil verlaat, het

die moontlikheid bestaan om beroepsgerigte kursusse te volg, nieteenstaande die doelstellings van die breë kurrikulum. Gespesialiseerde beroepsgerigte onderwys het na die voltooiing van algemeen vormende onderwys gevolg (Spies, 1976:13-14).

Hopson & Hayes (1968:xiii) wys daarop dat daar vanaf die middel sestigerjare 'n verdere oplewing en belangstelling in skoolvoorligting plaasgevind het. Verskeie universiteite het voorgraadse kursusse ingestel met die oog op opleiding van skoolberaders.

Beroepsvoorligting in Skotland - wat beroepsinligting aan die leerling sowel as dataversameling oor die leerling insluit, hang ten nouste saam met die inkleding van die skoolvoorligtingsprogram van die betrokke skool (Scottish Education Department, 1973:8).

Nieteenstaande die daargestelde doeleindes van die Skotse Onderwysdepartement kon die onderwyservoorligter tot voor 1975 nie op 'n verantwoordbare wyse beroepsvoorligting doen nie en juis daarom het die Youth Employment Service (YES) (wat 'n nie-onderwysinstansie is) voor 1974 in die Skotse skole 'n prominente rol in die voorligtingsdiens gespeel. Vanaf 1973 is die YES as 'n permanente diens by elke sekondêre skool ingestel (Spies, 1976:47).

In 1979 is 'n vraelys ontwerp om die beroepsvoorligtingsbehoeftes van Britse jeugdiges te peil, waarna die individu aan die hand van die uitkoms daarvan gehelp word om die oorgang van skool na die wêreld van werk te bemeester (Cherry & Gear, 1984:1-2).

Skotse wetgewing in 1948 het nie daarvoor voorsiening gemaak dat beroepsvoorligting op 'n uniforme wyse, in samewerking met die Skotse Departement van Arbeid en die plaaslike onderwysowerhede uitgevoer is nie. Dualisme binne die organisasie van beroepsvoorligting het ontstaan

omdat die genoemde instansies aan verskillende skole vir beroepsvoorligting verantwoordelik was. In 1973 het wetgewing bepaal dat die beroepsvoorligtingsdiens deur die YES, voortaan die onderwysowerhede se verantwoordelikheid sou wees. (Spies, 1976:66-67).

Die beroepsvoorligteronderwyser/loopbaanberader het beroepsinligting en die breë beroepsvoorligting verskaf, terwyl die beroepsbeampte van die YES individuele beroepsvoorligtingsonderhoude met die jeugdige gevoer het. Hierdie verpligte beroepsdiens is beskou as aanvullend tot die beroepsvoorligteronderwyser se beroepsvoorligtingsfunksie ten einde te verseker dat die leerling optimaal voordeel daaruit kon put (Spies, 1976:66; Barnard, 1984: 108-109).

### 2.2.2 Die Verenigde State van Amerika

Parsons het in 1908 baanbrekerswerk gedoen toe hy 'n beroepsvoorligtingsdiens in Boston begin het. Die skoolvoorligtingstelsel het hieruit voortgevloei (Hutson 1968: 8-11; Blum & Balinsky, 1959:17). Die aanwending van intelligensie- en aanlegtoetse net na die Eerste Wêreldoorlog het as verdere impetus gedien dat beroepsvoorligting op skool sy eie apparaat, tegnieke en karakter bekom het (Pullian, 1982:124-127). Voorts het die sogenaamde geestesgesondheidsbeweging in die breë bygedra tot die opkoms van voorligting. Skoolrade is in die veertigerjare aangemoedig om skoolvoorligters aan sekondêre skole aan te stel - deels as gevolg van die onderwysmoontlikhede vir sekondêre skoolleerlinge wat na die Tweede Wêreldoorlog vinnig uitgebrei het (Mortenson & Schmuller, 1976:37-41; Lytton, 1968:28-30).

In 'n ondersoek deur Conant in 1959 beveel hy aan dat voorligting in die primêre skool belangrik is en dat dit moes aanpas by die sekondêre skool se voorligtingsprogram. Die skoolvoorligter moes die ouers as raadgewer

aanvul. Die skoolvoorligter en die ouers moes saamwerk en kursusse vir die kind uitwerk wat met sy aanleg, vermoëns en belangstellings rekening hou (Gutek, 1986:281-282; ook Carstens, 1976:27-28).

Lytton (1968:31) asook Mortenson & Schmuller (1976:38-40) wys daarop dat 'n hele aantal wette destyds deur die Amerikaanse Federale Regering daargestel is om voorsiening te maak vir skoolvoorligting op primêre sowel as sekondêre skoolvlak (vgl. ook Gumbert & Spring, 1974: 172-174). As gevolg van die Federale Regeringswette in die laat vyftigerjare is fondse beskikbaar gestel vir die uitbreiding van skoolvoorligtingsdienste (King, 1974:287-289; Gutek, 1972:385-387). Die skoolvoorligtingsdienste is as waardevol gesien in die

* voorkoming en bekamping van vroeë skoolverlating;
* welvaartskepping;
* voorsiening van gelyke onderwysgeriewe; en
* mannekragvoorsiening op tegnologiese en wetenskaplike terreine (Lytton, 1968:31-32; King, 1974:300; Pullian, 1982:126-127).

In 1975/76 was daar nagenoeg 23 000 staatskole bestaande uit primêre sowel as sekondêre afdelings, terwyl 411 van die 24 000 sekondêre staatskole as suiwer beroepsgerigte skole bedryf is (Carstens, 1976:14). Leerlinge kon kies tussen 'n kollegegerigte en beroepsgerigte kursus en moes die algemene kursus aanvul met studie in een of ander gespesialiseerde tegniese rigting. In die komprehensiewe skole is leerlinge voorberei vir tersiêre opleiding, terwyl ander leerlinge met die nodige kennis en vaardighede vir beroepstoetrede voorberei is (Hutson, 1968:243-264; Carstens, 1976: 14-15).

Naas beroepsgerigte onderwys het loopbaangerigte onderwys in die sewentigerjare groot veld begin wen in die VSA (Barnard, 1984:101). Na aanleiding van die groot getalle

jeugdiges wat jaarliks die skool verlaat het om sonder behoorlike opleiding 'n loopbaan te betree, asook mense wat hulle in die sewentigerjare in loopbane bevind het waarvoor hulle geen belangstelling of aanleg gehad het nie, het Marland in 1971 loopbaanonderwys gepropageer (Carstens, 1976:18 en 24). Volgens Carstens (1976:18) was die situasie toe te skryf aan gebrekkige skoolvoorligting en ontoereikende hulp met betrekking tot loopbaanbeplanning.

In die VSA is daar in die onderskeie state 'n veelheid van onderwysstelsels soos blyk uit die feit dat daar in die vroeë sewentigerjare nagenoeg 50 verskillende skoolstelsels in die ongeveer 1700 skooldistrikte was (King, 1974:258-260). Hoewel 'n groot verskeidenheid, kan daar tog van 'n nasionale onderwysstelsel gepraat word, omdat 'n demokratiese stelsel met demokratiese doelstellings bestaan (King, 1974:265; Carstens, 1976:8).

Openbare onderwys in die VSA was en is steeds hoofsaaklik 'n plaaslike aangeleentheid wat dit moontlik maak dat skole in samewerking met privaat-instansies voorligtingsdienste daarstel (Ohlson, 1974:370; Carstens, 1976:8-9).

Die mate van betrokkenheid van die Federale Regering het met verloop van jare al hoe groter geraak juis omdat die "United States Office of Education" nie net in grootte en omvang gegroei het nie, maar ook in invloed - grootliks as gevolg van die onderwys se betrokkenheid by federale projekte. Verskeie wette het die belangrikheid van beroepsonderwys in die voorsiening van geskoolde werkers en tegnici bevestig. (Pullian, 1982:137-141; Gutek, 1986: 291-292).

Die voorligtingsdienste in die primêre skool word in die sekondêre skool voortgesit (Pullian, 1982:179-180). Sommige skole beskik oor 'n voorligtingskomitee waar gevallestudies van individuele leerlinge met probleme, hanteer

word (King, 1974:278-281). Alle bekombare en toepaslike inligting oor die leerling en die wyse waarop die probleem aangespreek behoort te word, word deur die voorligtingskomitee bespreek (Pullian, 1982:128-131). Daar word voorsiening gemaak vir gereelde waarneming en evaluering van leerlinge (Ohlson, 1974:187), waarna die ouers ingelig en van raad bedien word rakende die leerling se probleem (King, 1974:266-267; Pullian, 1982:153). Skakeling met die skoolpersoneel het nog altyd plaasgevind (Hamblin, 1978:26-28). Die jeugdige word in sy beroepstoetrede en selfs sy beroepsbeoefening gesteun aangesien die voorligtingspersoneel met die beroepswêreld en die ouers skakel (Pullian, 1982:155-156). Dit geskied by wyse van samesprekings tussen die verskillende partye sodat die kind gehelp kan word om sy vermoëns optimaal te ontwikkel. (Haasbroek et al., 1970:32-35; Bernard & Fullmer, 1969:11-15; Muro & Dinkmeyer, 1977:3-5).

Sommige sekondêre skole voorsien drie jaar junior sekondêre en drie jaar senior sekondêre onderwys (King, 1974: 285-286). Sekondêre onderwys voorsien lankal reeds basiese akademiese onderwys aan alle leerlinge, terwyl die komprehensiewe sekondêre skole saamgestel is met die oog op algemene akademiese opleiding, kollegetoetrede en beroepsgerigte onderwys (King, 1974:270; Carstens, 1976: 14).

Volgens Gutek (1986:308-311) was die sestigerjare in die VSA gekenmerk deur kurrikulêre wysigings waarby spanne van deskundiges saamgewerk het om nuwe kurrikula vir skole daar te stel en die klem is verskuif na leerlingbetrokkenheid. Dit is ook gekenmerk deur onstabiliteit onder die jeug.

Waar baie tersiêre inrigtings 'n meestersgraad in skoolvoorligting aanbied, blyk dit dat dié kwalifikasie die aanvaarde opleidingsvereiste vir die onderwyservoorligter is, terwyl indiensopleiding steeds plaasvind. Die indiens-

opleiding behels formele, georganiseerde aktiwiteite wat die onderwyservoorligter se werksverrigting verbeter. Alle onderwysersopleiding in die VSA het in die sewentigerjare reeds op universiteitsvlak geskied (Gutek, 1972: 398; Haasbroek et al., 1970:44-45).

### 2.2.3 België

In 1912 is die eerste "Diens vir Beroepsoriëntering" in België ingestel. Na die Eerste Wêreldoorlog is "Dienste vir Beroepskeusevoorligting" in die lewe geroep met die oog op hulp aan 14-jarige skoolverlaters om gepaste beroepe te vind. Jeugleiers, onderwysers en ander persone het in hul vryetyd inligting oor beroepe en die arbeidsmark verstrek. In 1936 is voorligtingswerk steeds op 'n deeltydse basis gedoen, maar het toe ressorteer onder die "Nasionale Sentrum vir Beroepsoriëntering". Na die Tweede Wêreldoorlog het die fokus van die skool verskuif na die 12-jarige primêre skoolleerling wat sy primêre onderwys deurloop het, sodat hy bygestaan kon word met betrekking tot sy studierigtingkeuse in die sekondêre skool (Lombaard, 1976:50-51; vlg. ook Shetzer & Stone, 1976: 455).

Skoolvoorligting in België het tot en met die sewentigerjare outonoom en los van die skool gestaan. Die sogenaamde beroepsvoorligtingsburo wat buite die skool gefunksioneer het, het beskik oor 'n adviseur-direkteur, 'n adviseur óf sielkundige óf 'n beroepsvoorligter, 'n maatskaplike werker en 'n mediese praktisyn (Spies, 1965:101). Volgens Lombaard (1976:53-54) was meer as een skool deur so 'n beroepsvoorligtingsburo bedien. Geen tyd was vir beroepsvoorligting op die lesrooster ingeruim nie. Skole het egter beskik oor 'n skakelonderwyser wat met personeel buite die skool reëlings kon tref vir voorligting binne die skool.

Die sogenaamde Psigo-, mediese-, en sosiale werksentrums (PMS-sentra) het tot en met die sewentigerjare geen sistematiese toets- of opsporingsondersoeke in die primêre skoolfase uitgevoer nie, maar primêre skoolleerlinge kon op versoek van hul ouers of die mediese skooltoesig deur die PMS-sentrum ondersoek word. Klasonderwysers het leerlinge met advies bedien. Op die ouderdom van 12 jaar doen die Belgiese kind 'n studierigtingkeuse met die oog op sekondêre skoolonderrig. Om die primêre skoolkind by te staan in sy keuse doen die personeel van die PMS-sentrum, naamlik die sielkundige, die medikus en die sosiale werker, elk op sy eie terrein 'n evaluering en word die gegewens in spanbesprekings behandel om 'n persoonsbeeld van die betrokke leerling saam te stel en op lêer te plaas en dit aan die ouers deur te gee (Shertzer & Stone, 1976:454).

Dit was die taak van die skakelonderwyser om te reël dat beroepsinligting deur die beroepsvoorligtingsburo aan die ouers deurgevoer word. Alle inligting wat van die buro verkry is, is aan die skoolpersoneel beskikbaar gestel om die onderwysers van hulp te wees met betrekking tot voorligting aan die leerlinge. Die skakelonderwysers het ook lesings, vergaderings en so meer gereël sodat beroepsinligting deur die genoemde buro's aan die leerling oorgedra kon word (Haasbroek et al., 1970:47-48).

Die PMS-sentra het ook hulp en begeleiding gebied aan die leerling wat probleme ervaar om by die skool in te skakel. Alle moontlike bruikbare inligting oor die leerling is tot die skool se beskikking gestel met die oog op keuses wat die leerling in die skool moet maak (Lombaard, 1976:60-61) om die onderwyser in staat te stel om die kind daarin te begelei.

Medici verbonde aan die PMS-sentra, het elke leerling se gesondheidstoestand gediagnoseer, onder andere met die

oog op moontlike implikasies wat dit mag hê op die realisering van die leerling se moontlikhede in sy studieloopbaan en sy latere beroepsbeoefening.

Tot en met die vroeë sewentigerjare was daar geen gekoördineerde gespesialiseerde beroepsinligtingsverspreidingsdienste nie. Gespesialiseerde beroepsinligting moes deur die onderskeie PMS-sentra bygehou en aan skole in hul streek/area versprei word.

Teen die middel van die sewentigerjare het wetgewing tot die gevolg gehad dat deur die "Vernieud Lager Onderwijs" (VLO) en die "Vernieud Secundair Onderwijs" (VSO) die PMS-sentra direk by die skool en die skoolorganisasie betrek is. Hiervolgens is die taak van die PMS-sentra om die 14-jarige leerling tot 'n studierigtingkeuse te oriënteer en die 16 jarige tot 'n definitiewe vakkombinasiekeuse vir studie ter verwerwing van 'n sekondêre onderwyssertifikaat. Die PMS-sentra is ook direk betrokke by die begeleiding van leerling met leer- en aanpassingsprobleme ten einde onderprestasie te bekamp. Leerlinge word op 'n kontinue basis begelei. Aan die onderwyspersoneel word leiding en hulp ten aansien van die onderwyskundige program verleen. Op hierdie wyse word die onderwyspersoneel betrek by studiekeusebegeleiding van die leerling en hulpverlening aan die leerling met studieprobleme (Shertzer & Stone, 1976:455; Lombaard, 1976:69). Voorts word die leerling en sy ouers gesteun en begelei tot sinvolle integrasie van selfkennis en studiemoontlikhede vir die leerling. Die PMS-sentrum- en onderwyspersoneel oriënteer ouers en hul kind tot 'n verantwoordbare self-keuse deur die jeugdige. In geval van problematiese situasies mag die betrokke ouers en die leerling, aandring op individuele hulpverlening met die oog op studie- en beroepskeuse (Lombaard, 1976:74).

Die voorligtingsburo's se personeel word aan keuring onderwerp. Vir die pos van adviseur word 'n 4-jarige

universiteitsopleiding plus 'n verdere diploma of lisensiaat in beroepsoriëntering, sielkundige wetenskappe of toegepaste sielkunde vereis. Voorts moet so 'n persoon beskik oor minstens 5 jaar praktiese ervaring in beroepsoriëntering by 'n staatsgesubsidieerde sentrum of 7 jaar praktiese ervaring waarvan 5 jaar onderwys- en 2 jaar buro-ervaring insluit.

Die adviseur en die assistent moet jonger as 45 jaar wees, liggaamlik geskik vir die pos en die vereiste kwalifikasie besit. Die voornemende assistent moet oor 'n onderwyssertifikaat beskik wat hom in staat stel om op sekondêre onderwysvlak onderwys te gee, of minstens beskik oor 'n diploma in die betrokke spesialiseringsrigting. 'n Opleidingsentrum vir aanvangs- en verdere studie is opgerig met die oog op indiensopleiding vir amptelike diens sodat die teorie wat op universiteitsvlak aangebied is, met praktiese werk opgevolg word. Internskap van minstens 60 uur aan 'n voorligtingsburo sowel as 'n eksamen en oorspronklike navorsingsprojek word onder andere vereis (Shertzer & Stone, 1976:454; Haasbroek et al., 1970:49-50).

### 2.2.4 Wes-Duitsland

Die sogenaamde "Burufschule" se kurrikula het sedert 1919 as deeltydse skole, alle skooljeug tot die ouderdom van 18 jaar, wat nie die hoër (senior) sekondêre skool voltyds bygewoon het nie verplig om Vakskole by te woon (Mitter, 1988:16).

Beroepsvoorligting is in Wes-Duitsland buite die skool georganiseer en is deur die Federale Raad vir Arbeid behartig. 'n Sentrale buro was in Neurenburg gesetel, terwyl die "Lander"/provinsies oor arbeidsburo's beskik het. Elke provinsie het 'n gemeenskaplike sentrum gehad wat die nodige dienste verskaf het (Haasbroek et al., 1970:55-56; Mitter, 1988:17-19; 123).

Tot en met die vroeë sewentigerjare was daar geen sprake van gekoördineerde voorligtingsdienste nie (Vgl. Joubert, 1975:60). Beukes (1976:15) verwys na Schulze-Olden wat in 1972 skryf dat in Wes-Duitsland "'n labirint van institute, organisasies, inrigtings, werksgemeenskappe en verenigings bestaan wat hulle met die oriëntering of voorligting van mense ten aansien van haas enige saak besig hou." (Vgl. ook Münch, 1971:12-13).

Die arbeidsburo's het in die sewentigerjarige beskik oor senior beamptes wat vir beroepsvoorligting verantwoordelik was, terwyl mediese beamptes, voorligters en nywerheidsielkundiges deel van die voorligtingspan gevorm het (Haasbroek et al.,1970:57; Klafki, 1971:43). Hoewel daar 'n groot aantal voorligters aangestel is en hulle hul hoofsaaklik in vier groot streeksentra bevind het, was daar geen universiteit wat skoolvoorligteronderwysers opgelei het nie (Scherzer & Stone, 1976:458). Die gevolg was dat daar byna geen skoolvoorligteronderwysers of skoolsielkundiges by skole was nie. Van skoolvoorligting was daar feitlik geen sprake nie. Individuele onderwysers met die nodige belangstelling en inisiatief het voorligting aangebied indien hy so verkies het. Die sogenaamde voorligtingonderwysers het hulle hoofsaaklik beperk tot plaaslike programme (Beukes, 1976:16)

Die sekondêre skoolwese word gekenmerk deur horisontale stratifikasie. Die sogenaamde "sekondêre onderwys I", huisves "Hauptschule", (moderne sekondêre skool) "Realschule" (intermediêre skool) en die "Gimnasium" (grammatika skool). Die "sekondêre onderwys II" huisves die hoër fase en die sogenaamde "dual" stelsel wat uit 'n gekombineerde vakleerlingskap en beroepskool bestaan (Mitter, 1988(a):89-91). Die Federale Regering het die divergerende opvatting oor die vakskole probeer harmoniseer deur wetgewing (Münch, 1971:53-54).

Sedert 1972 word 'n verdere verdeling in die Gimnasium in die elfde skooljaar gemaak tussen die "Grundkurse" (basiese kursus) en die "Leistungkurse" (gevorderde kursus). Sedert 1981 word in 'n toenemende mate beroepsgerigte onderwys in die Gimnasium aangebied (Mitter, 1988:95-97).

Die Federale Raad vir Arbeid het die skool se fisiese geriewe gebruik om praatjies en lesings oor beroepe te lewer (Haasbroek <u>et al</u>., 1970:57; Beukes, 1976:76). Skoolverlaters het beroepsvoorligting deur die Departement van Arbeid (Federale Raad vir Arbeid) se beroepsvoorligtingsburo's gekry (Münch, 1971:14). In die "Hauptschülen" word die vak "Arbeidslehre" aangebied waar die leerling die geleentheid gebied word om werksterreine, fabrieke, uitstallings en so meer te besoek en hom te oriënteer ten aansien van die beroepswêreld (vgl. Münch, 1971:15). Benewens die uitstappies, loopbaanstudies en individuele gesprekke wat leerlinge veral in die "Hauptschülen" kry, word die leerling die geleentheid gebied om vanaf die sewende skooljaar twee periodes per week die plaaslike arbeidsmark te analiseer om daaruit 'n oorsig te kry oor die Wes-Duitse beroepswêreld (Beukes, 1976:76) met sy vele fasette (Klafki, 1971:11).

Die "Berufschule" het tussen 1920 en 1940 vinnig uitgebrei (Horlebein, 1976:212-218; Taylor, 1981:23). Differensiasie tussen verpligte en keusevakke het amptelik na 1920 in werking getree (Horlebein, 1976:264). Die toetrede van groter getalle dogters tot die skoolwese het meegebring dat onderskeid gemaak is tussen nywerheidsgeoriënteerde gekommersialiseerde vakskole en staatskole. Eersgenoemde het herhaaldelik aangepas by veranderende omstandighede in die nywerheid. (Horlebein, 1976:302).

Die meeste van die jeug wat in die sewentigerjare die sekondêre skool na nege jaar skoolopleiding verlaat het,

het tot 'n vakleerlingskap toegetree. Dit het onder andere behels dat praktiese opleiding gepaard gaan met 12 tot 20 uur per week deeltydse teoretiese onderrig in die "Berufschule" (Taylor, 1983:295; 300-302).

Volgens Beukes (1976:18) is Köln se Buro vir Onderwysvoorligting ('n outonome liggaam) in 1973 as die doeltreffendste diens van sy soort in Wes-Duitsland beskou. Persoonlike gesprekke is met ouers en leerlinge gevoer waar inligting oor algemene, asook gevorderde beroeps- en beroepsgerigte moontlikhede deurgegee is (vgl. Joubert, 1975:61-62). Ouers van leerlinge wat onderwyskeuseprobleme ervaar het, is van raad bedien. Dié Buro het ook met die skool en die plaaslike skoolsielkundige diens waarheen leerlinge verwys is vir psigometriese evaluering geskakel. Die Kölnse Buro vir Onderwysvoorligting het hom ook beywer vir groter skakeling tussen ouers en onderwysers deur middel van ouer-onderwyserverenigings. Daar is ook met die Kölnse Arbeidsburo geskakel. Laasgenoemde instansie is aan die voorligtingsburo verbonde en beroepsvoorligting, werkverskaffing, finansiële bystand vir verdere opleiding en so meer is van die dienste wat aangebied is (Beukes, 1976:18-21).

Volgens Beukes (1976:78-79) behels die opleiding van die onderwyservoorligter en skoolsielkundige die volgende:

(1) (a) 'n Basiese onderwysersopleiding aan 'n universiteit of 'n Hochschule.

(b) Spesialisasie in een skoolvak en 'n deeglike studie van opvoedkundige sielkunde.

(c) Gevorderde kwalifikasies in deeldissiplines van die opvoedkunde, veral in didaktiek.

(d) Indiensopleiding was van besondere waarde en kursusse is deur die arbeidsburo's georganiseer (Haasbroek et al., 1970:58).

(2) In enkele gevalle waar daar van die skoolsielkundige verwag is om vakonderrig te gee, moes hy beskik oor basiese onderwysopleiding met spesialisering in een skoolvak. Andersinds is nie van hom verwag om te spesialiseer in skoolvakke nie, maar hy moes 'n diepgaande studie van die sielkunde en opvoedkundige sielkunde maak, minstens tot op diplomavlak (Beukes, 1976:79).

Dit blyk dat beroepsvoorligters nie jonger as 28 jaar moes wees nie, minstens oor 5 jaar beroepservaring moes beskik asook oor kennis en ervaring in beroepsvoorligting. Om as beroepsvoorligter te kon kwalifiseer, moes die persoon 'n gekwalifiseerde werknemer van die Federale Instituut wees, oor 'n tweede sertifikaat in tegniese vaardigheid of 'n ekwivalente sertifikaat beskik en kursusse gevolg het aan 'n skool vir sosiale werk of 'n tegniese skool. Alternatiewelik moes die persoon op 'n ander wyse oor die vereiste kennis van die ekonomie, die onderwys, administrasie en jeugaangeleenthede beskik het (Haasbroek et al., 1970:57-58; Taylor, 1981:25-27).

## 2.3 GESKIEDKUNDIGE AGTERGROND MET BETREKKING TOT DIE BENUTTING VAN DIE SKOOLVOORLIGTINGSPERSONEEL HIER TE LANDE

Marais (1986:168) wys daarop dat Skoolvoorligting as die "stiefkind" van die onderwys in die RSA, sedert 1936 deur politieke en ekonomiese faktore beïnvloed is.

Die instelling van gedifferensieerde onderwys het op nasionale vlak 'n belangrike rol gespeel. Die 1967 en 1969 Onderwyswetgewing, Wet 39 van 1967 en Wet 73 van 1969, asook Regeringskennisgewings R2029 van 12 November 1971 en R434

van 19 Maart 1976 het verder impetus aan Skoolvoorligting gegee. Hierdeur het beroepsvoorligting se belangrikheid toegeneem (Jacobs <u>et al</u>., 1988:36-37). Marais (1986:169) wys verder daarop dat al die onderskeie onderwysdepartemente (Departement van Onderwys en Kultuur, Administrasie: Volksraad (DOK(AV)) - die "Blanke Onderwysdepartement"; Departement van Onderwys en Kultuur, Administrasie: Raad van Afgevaardigdes (DOK(RA)) - die "Indiër Onderwysdepartement"; Departement van Onderwys en Kultuur, Administrasie: Raad van Verteenwoordigers - die "Kleurling Onderwysdepartement" (DOK(RV)); Departement van Onderwys en Opleiding - die "Swart Onderwysdepartement") elkeen 'n stelsel van gedifferensieerde onderwys implementeer het). Vir die doel van hierdie bespreking sal slegs die Departement van Onderwys en Kultuur, Administrasie: Volksraad onder die loep geneem word. Marais (1986:169) is verder die mening toegedaan dat skoolvoorligting nie na waarde geskat word nie, omdat daar 'n chroniese tekort aan opgeleide onderwyservoorligters is en die beroepsleidingperiode by baie skole as 'n huiswerk periode beskou word.

### 2.3.1 <u>Die Kaaplandse Onderwysdepartement (KOD)</u>

In die Kaapprovinsie is die eerste ere-psigiater in 1926 aangestel om verstandelik vertraagde leerlinge met die oog op spesiale onderwys uit te soek. In 1937 is 'n departementele sielkundige aangestel om oor die spesiale klasse toesig te hou en inspeksie te doen (Kruger, 1975: 9). Die vak "Beroepsvoorligting" is in 1937 ingevoer (Coetzee <u>et al</u>., 1963:113).

Tydens die depressie in die dertigerjare van hierdie eeu toe werksgeleenthede skaars was, is amptelike belangstelling in skoolvoorligting getoon. In 1936 het die KOD 'n onderoek na die beroepskeuses van skoolverlaters geloods. Ene dr J A J van Rensburg, destyds verbonde aan die Universiteit van Stellenbosch, was aan die hoof van 'n latere ondersoek om die bevindings van die KOD te ondersoek.

'n Indringende verslag oor die beroepskeuse van skoolverlaters is daarna opgestel (Van Niekerk, 1967:8).

In 1937 is beroepsvoorligting in die primêre skool en in 1938 in die sekondêre skool as 'n ekstra vak ingevoer. In 1937 is 'n eenjarige diplomakursus in beroepsvoorligting aan die Universiteit van Stellenbosch ingestel. In 1946 is die kursus hersien aangesien slegs 1 student in die voorafgaande jare daarvoor ingeskryf het. In 1938 is beroepsvoorligting as vak vir st 10-leerlinge ingestel met 1 uur per week op die lesrooster.

Die ondersoek van Van Rensburg (1936) gee aanleiding daartoe dat J F A Swart in 1944 as Inspekteur van Onderwys in Beroepsvoorligting (Coetzee et al., 1963:106) aangestel word om hulp en raad aan skoolhoofde en onderwysers te verleen met die oog op die voorligtingsdienste wat beskikbaar was (Du Toit, 1975:111). Geen formele aanstellings as voorligteronderwysers is destyds gemaak nie (Van Niekerk, 1967:8; Du Toit, 1975:117). Vanaf 1944 het die skoolvoorligtingsdiens egter uitgebrei (Kruger, 1975:10).

Die KOD se beroepsvoorligtingsprogram het destyds uit 3 aspekte bestaan, naamlik:

* verskaf loopbaaninligting;
* individuele toetsprogram vir leerlinge; en
* raad aan leerlinge en hulle ouers by die keuse van 'n beroep (Du Toit, 1975:111).

In 1946 is twee beroepsvoorligtingsbeamptes aangestel (Coetzee et al., 1963:106; Du Toit, 1975:111). Met die verskyning van die De Villierskommissie se verslag (1948) (vgl. Kruger (red), 1986:137) het die KOD se voorligtingsdiens bestaan uit 'n Inspekteur van Onderwys (beroepsvoorligting), 'n beroepsvoorligtingsbeampte, 'n assistent beroepsvoorligtingsbeampte en vier voorligteronderwysers (Van Niekerk, 1967:8; Du Toit, 1975:112).

In 1950 is begin om diensdoende onderwysers as onderwyser-voorligters op te lei (Coetzee et al., 1963:106). Teen die einde van 1953 het die KOD se voorligtingsdienste bestaan uit 'n Inspekteur van Onderwys (Beroepsvoorligting), twee beroepsvoorligtingsbeamptes en klerklike hulp.

In 1952 word die sielkundige dienste gekoördineer (Coetzee et al., 1963:107; Kruger, 1975:10; Du Toit, 1975:112). Aan die KOD hoofkantoor is 'n afdeling vir skoolvoorligting ontwikkel tot 'n sentrale inligtingsentrum waar beroepsinligting in die vorm van pamflette en brosjures na skole gestuur is. Die voorligtingsdiens het uit tien voorligters bestaan wat buite-personeel gevorm het (Van Niekerk, 1967:9; Du Toit, 1975:112; vgl. ook Coetzee et al., 1963:116).

In 1954 is die eerste departementele skoolkliniek te Belville in Kaapland geopen, gevolg deur Port Elizabeth (1956) en Oos-Londen (1957) (Du Toit, 1975:135).

In 1967 is ses onderwysersielkundiges op 'n proefbasis aangestel (Du Toit, 1975:136). Die vereistes was hoog en die keuring streng. Die poste is uitgebrei en teen 1972 was daar reeds 126 poste van hierdie aard. Alle skole met 'n sekondêre leerlingtal van 300+ was op so 'n aanstelling geregtig, terwyl twee nabygeleë skole met 'n sekondêre leerlingtal van 400+ so 'n pos kon deel (Joubert, 1975:37). Teen 1972 was daar 36 skoolsielkundiges, 1 aflosskoolsielkundige en het twee verdere klinieke tot stand gekom (Kruger, 1975:10; vgl. ook Du Toit, 1975: 136).

### 2.3.2 Die Oranje-Vrystaatse Onderwysdepartement (OVSOD)

In 1937 aanvaar die OVSOD die verantwoordelikheid vir voorligting aan die verstandelik vertraagde leerling en

stel 'n beroepsvoorligtingsbeampte, ene dr B F Nel aan (Kruger, 1975:13, Joubert, 1975:36). Dié pos is egter vir 'n baie kort tydjie gevul. Eers in 1947 is die aanstelling van 'n sielkundige en beroepsvoorligter aanbeveel. Voor daardie tyd was dit die taak van die hoofinspekteur bygestaan deur vier omgangsinspekteurs. In 1943 word beroepsleiding 'n verpligte skoolvak en vanaf 1949 word bepaal dat een periode per week per klas op die lesrooster vir beroepsleiding afgesonder word (Fourie, 1974:15; Van Niekerk, 1967:13). Sedert 1951 word intensiewe skoolvakansie (indiensopleidings-) kursusse in skoolvoorligting aangebied ten einde opgeleide onderwysers in hierdie vakgebied te voorsien (Van Niekerk, 1967:13).

Alhoewel beroepsvoorligting vanaf 1943 as verpligte vak op die skoolrooster van alle sekondêre skole moes verskyn, is daar eers vanaf 1950 werklik begin met die organisering van die voorligtingsdiens aan sekondêre skole (Visser, 1970:37; Fourie, 1974:15). Waar daar in 1951 begin is met vakansie indiensopleidingskursusse, is skoolvoorligting as verpligte vak vir alle standerds met 1 periode per week op die lesrooster in 1953 ingevoer. In 1954 is 'n leerplan ingevoer, terwyl onderwyser-toetsafnemers begin het om intelligensiegroeptoetse in 1955 in die primêre skool af te neem. In die sekondêre skool moes die onderwyser-toetsafnemers onder meer skolastiese toetse, aanlegtoetse en belangstellingstoetse afneem (Visser, 1970:37; Kruger, 1975:14).

'n Nuwe skoolvoorligtingsillabus is in 1962 ingevoer en het voorsiening gemaak vir "Skolastiese voorligting; voorligting ter bevordering van persoonlikheidsontwikkeling; loopbaankeusevoorligting; voorligting in verband met vryetydsbesteding; voorligting met betrekking tot wenslike gesinsverhoudings; gemeenskapsdiensvoorligting; voorligting in verband met rasseverhoudings en voorligting ter bevordering van persoonlike aanpassing" (Fourie,

1974:16; vgl. ook Kruger, 1975:14). Die eerste kinderleidingkliniek is in 1971 in die Vrystaat geopen en nog vier het in 1973 gevolg (Joubert, 1975:44).

Geen minimumvereistes vir aanstelling as onderwyservoorligter is aanvanklik gestel nie. In 1972 is bepaal dat voorligteronderwysers minstens oor 'n B-graad met Sielkunde as hoofvak en 'n onderwysdiploma met spesialisering in skoolvoorligting behoort te beskik (Kruger, 1975:14).

### 2.3.3 Die Natalse Onderwysdepartement (NOD)

In 1917 beveel die eerste mediese inspekteur aan dat spesiale voorsiening gemaak moet word vir leerlinge wat skoolwerk moeilik vind.

'n Ere-psigiater word in 1923 benoem waarna die eerste klas vir verstandelik vertraagde leerlinge in 1925 in Durban ge-open is (Coetzee et al., 1963:251). Teen 1940 was daar 229 leerlinge in die verskillende spesiale klasse in Natal (Visser, 1970:25; Kruger, 1975:16).

Die eerste sielkundige-beroepsvoorligter is in 1944 aangestel en in 1945 word 'n psigometris aangestel om die sielkundige by te staan (Visser, 1970:23; Coetzee et al., 1963:252 en 267). Ene J P Jordaan is in 1949 aangestel as eerste amptenaar belas met beroepsvoorligting. Hy het dadelik begin met die opleiding van onderwysers as onderwyservoorligters. Teen 1956 het slegs een sekondêre skool nie 'n onderwyservoorligter op sy personeel gehad nie. Waar 'n skool minstens tien uur per week aan skoolvoorligting afgestaan het, is 'n ekstra onderwyser by die skool se personeel gevoeg en 'n tweede onderwyservoorligter kon bó en behalwe die skool se gewone personeelvoorsieningskaal aangestel word (Van Niekerk, 1967:14; vgl. ook Kruger, 1975:16).

Teen 1961 is die skoolvoorligtingsdiens sodanig uitgebrei dat dit bestaan het uit 'n inspekteur-sielkundige, 'n assistent-sielkundige, 'n psigometris, 'n beroepsvoorligter, besoekende onderwysers, drie spraakterapeute en een remediërende onderwyser (Coetzee <u>et al</u>., 1963:268). In 1967 brei die diens verder uit tot 19 personeellede. Teen 1972 was daar twee klinieke, terwyl daar sewe verdere klinieke beoog is. Die twee klinieke was elk beman met een skoolsielkundige (voorligting), 1 of 2 senior skoolsielkundiges, 3 of 4 spraakterapeute en 4 of 8 remediërende onderwysers (Visser, 1970:25; Kruger, 1975:16).

### 2.3.4 <u>Die Transvaalse Onderwysdepartement (TOD)</u>

Georganiseerde beroepsvoorligting het in 1936 in Suid-Afrikaanse skole binne die TOD 'n aanvang geneem met die aanstelling van ene dr M J Prinsloo as lektor in beroepsvoorligting (Barnardt, 1971:25; Joubert, 1975:36). Prinsloo se primêre taak was om intelligensiegroeptoetsing toe te pas met die oog op seleksie en verwysing van st 5-leerlinge na die sekondêre of die sogenaamde "ambagskool". Hy moes ook administratiewe organisasiewerk doen en lesings aan Transvaalse Onderwyskolleges aanbied. Voorts moes hy die skole in Transvaal besoek en onderwysers oor beroepsvoorligting inlig. In 1937 is 'n inspekteur-sielkundige deur die TOD aangestel en hy moes aan die hoof-mediese inspekteur verantwoording doen (Kruger, 1975:1; TOD, 1975:30).

Differensiasie deur middel van uitgebreide vakkeuse tree in 1940 in werking (Coetzee <u>et al</u>., 1963:25). In 1941 word 'n tweede beroepsvoorligter aangestel wat uitgebrei word tot vyf beroepsvoorligters en 'n administratiewe personeellid in 1943 (Kruger, 1975:1).

Die TOD se beroepsvoorligtingsburo het in 1942 tot stand gekom (Van Niekerk, 1967:6). Hier kon die publiek, ouers en leerlinge beroepsvoorligters raadpleeg in verband met beroepe en beroepskeuse van skoolverlaters (Joubert, 1975:37). Voorts verskyn 'n voorgestelde leerplan vir skoolvoorligting (st 6 tot st 10) in 1948 en een periode per week is daarvoor afgestaan (Van Niekerk, 1967:6; Kruger, 1975:3; Fourie, 1974:15). Een onderwyservoorligter in samewerking met die beroepsvoorligter, was verantwoordelik vir verpligte beroepsvoorligting aan 300 leerlinge (Joubert, 1975:37).

In 1950 beveel 'n kommissie van die TOD aan dat, in skole waar die meeste van die leerlinge tot st 10 skool bygewoon het, die skoolhoof in oorleg met die Inspekteur van Onderwys moes vasstel in watter mate voorsien kon word in die behoefte aan beroepsvoorligting deur gebruikmaking van gebundelde lesings. Dit het daartoe gelei dat in sommige sekondêre skole die verpligte aanbieding van beroepsvoorligting verontagsaam is (Muller, 1970:10; Haasbroek _et al_., 1970:59).

In 1952 word 'n sielkundige en besoekende onderwyser aan die destydse Loopspruitskool naby Potchefstroom aangestel en 'n verdere drie sielkundiges in 1953. In 1954 word twaalf spraakterapeute en 'n hoofspraakterapeut aangestel, terwyl nog drie beroepsvoorligters in 1954 aangestel is.

In 1954 is Transvaal in 6 streke verdeel en elke streek het 'n eie kinderleidingkliniek gekry. Hierdie getal het in 1966 uitgebrei tot 10 (Joubert, 1975:44). In 1955 smelt die sielkundige diens en die beroepsvoorligtingsdiens saam, terwyl die spraakterapeute vanaf 1956 direk onder die hoofinspekteur ressorteer. In 1957 is daar reeds vyf besoekende onderwysers aangestel (Kruger, 1975: 2; Haasbroek _et al_., 1970:59; Muller, 1970:10). In 1958 tree die eerste werklike gedifferensieerde onderwysstel-

sel in Transvaal in werking (Holman, 1979:41) en word 'n omvattende voorligtingsleergang in die sekondêre skoolsillabus ingesluit. Die onderwyservoorligters is toe ook verantwoordelik gemaak vir die voer van persoonlike onderhoude (Kruger, 1975(a):3).

In 1962 word bepaal dat voorligting in al die standerds in die sekondêre skool aangebied moet word. Een verpligte periode voorligting per week is op die lesrooster ingestel. Hiervan mag nie minder as 'n kwart en nie meer as 'n derde van die totale aantal voorligtingklasperiodes vir onderhoudvoering afgestaan word nie. Bo en behalwe die goedgekeurde kwota vir elke sekondêre en klas II-skole, is 'n addisionele pos van voorligtingsonderwyser ingestel (Visser, 1970:59-61; Van Niekerk, 1967:6-7; TOD: 1962).

Die onderskeie posbenamings verander in 1966 - besoekende onderwyser word assistent skoolsielkundige (besoekend); sielkundige word skoolsielkundige (klinies) en adviseur vir voorligting word skoolsielkundige (voorligting) (Haasbroek et al., 1970:60).

Intussen is onderwyshulpsentrums (skoolklinieke) geopen en personeel aangestel. 'n Remediërende onderwyser is in daardie tyd ook by die skoolklinieke aangestel (Kruger, 1975:2). In 1973 het die getal skoolklinieke van 10 tot 24 uitgebrei en het die poste verbonde aan die inrigtings van 1972 tot 1981 van 150 tot 279 vermeerder (Erasmus en Muller, 1982:34).

TOD omsendbrief 1 van 1972 het nie net die situasie van die onderwyservoorligter verander nie, maar ook die skoolvoorligtingsprogram deurdat Jeugweerbaarheid deel van die skoolprogram geword het en geïmplementeer is. Volgens genoemde omsendbrief kon skoolhoofde toe die onderwyservoorligter na goeddunke aanwend.

Die leergang vir skoolvoorligting van 1967, het aanleiding gegee tot TOD omsendminuut 97 van 1974. Daarin word aan die onderwyservoorligter leiding gegee met betrekking tot die wyse waarop beroepsleiding in die sekondêre skool aangebied behoort te word. Die taak word aan skoolhoofde oorgelaat om "toe te sien dat die onderwyservoorligter inligting verstrek en/of hulp verleen met betrekking tot die finale vak- en studierigtingkeuse as aanloop tot eie beroepskeuse" (TOD, 1974). As gevolg van hierdie reëling het skoolvoorligting in praktyk by die skool begin kwyn (Kruger, 1975:3).

## 2.4 FUNKSIES VAN DIE ONDERWYSERVOORLIGTER TEEN DIE AGTERGROND VAN DIE HISTORIESE VERLOOP VAN DIE ONTWIKKELING VAN DIE VOORLIGTINGSPROGRAM

### 2.4.1 Die Kaaplandse Onderwysdepartement

Die onderwysersielkundige in die KOD was vir alle psigometriese werk in die skool verantwoordelik (Du Toit, 1975:135-136). Dit moes in samewerking met die skoolsielkundige van die betrokke kliniek wat die skool bedien het plaasvind (Kruger, 1975:11). Die skoolsielkundige (buitengewone onderwys en voorligting) het ondersoeke gedoen en kinders vir buitengewone onderwys aanbeveel, onderwysers van spesiale skole adviseer en hulp verleen met die afneem van alternatiewe st 6-eksamens in die spesiale klas. Hy het die persoonlikheidsvoorligting en die opvoedkundige voorligting gedoen, psigometriese toetse afgeneem en die onderwysersielkundige met hulp en raad bygestaan. Hy het ook die voorligting in die skole georganiseer waar onder die verwysing van leerlinge na ander lede van die skoolsielkundige diens (Visser, 1970:9-13; Kruger, 1975: 12; Du Toit, 1975:136).

### 2.4.2 Die Oranje-Vrystaatse Onderwysdepartement

Die onderwyservoorligter was verantwoordelik vir die individuele en groepvoorligting. Hy het onderhoude met leerlinge gevoer oor hulle kursus-, vak- en beroepskeuses, asook oor algemeen opvoedkundige aangeleenthede. Hy was ook as vakonderwyser verantwoordelik vir buitemuurse aktiwiteite. Die onderwysertoetser was verantwoordelik vir die afneem en interpretasie van intelligensie-, skolastiese- en aanlegtoetse asook belangstellingsvraelyste. Toetsresultate is met die onderwysers bespreek (Kruger, 1975:14). Hier was spanwerk dus vooropgestel. Die klas- en vakonderwyser is by die voorligtingsprogram betrek wanneer hulle leerlinge na die onderwyservoorligter verwys het (Visser, 1970:41 e.v.).

### 2.4.3 Natalse Onderwysdepartement

Die onderwyservoorligter moes voorligting gee in verband met skolastiese vordering en beroepskeuse in groep- sowel as individuele verband. Voorts het hy alle pligte in verband met voorligting vervul waar onder die afneem van belangstellings-, bekwaamheids- en skolastiese toetse, die verwerking en interpretasie van die toetsresultate (Visser, 1970:26; Kruger, 1975:17). Die blyk verder dat beroepsvoorligting die belangrikste aspek van die voorligtingsprogram in Natal was. Daar was ook voorsiening gemaak vir persoonsvoorligting (Visser, 1970:34).

### 2.4.4 Die Transvaalse Onderwysdepartement

Die onderwyservoorligter moes die volgende aspekte volgens die voorgestelde leergang vir sekondêre skole dek, naamlik:

* opvoedkundige voorligting;
* persoonlike en maatskaplike voorligting;

* vryetyds- en ontspanningsvoorligting; en
* beroepsvoorligting (Visser, 1970:71-73; Marais, 1975: 1; Kruger, 1975:16).

Voorligting is verdeel in individuele en groepvoorligting. In die sekondêre skool is vir elke klas voorsiening gemaak vir voorligting op die lesrooster. Groepvoorligting is aangebied volgens 'n sillabus wat die TOD voorgeskryf het. Die onderwyservoorligter moes individuele persoonlike onderhoude voer met swak presteerders; emosioneel onstabiele en gedragsafwykende leerlinge; met skoolverlaters en met liggaamlik gestremde leerlinge. Hy moes skriftelike verslae van sulke onderhoude byhou sodat sy verslae ter insae kon wees van die skoolhoof, Inspekteur van Onderwys en die skoolsielkundige (Kruger, 1975: 5).

Die voorligting kon op verskeie wyses geskied, naamlik deur mondelinge mededeling, groepbesprekings, besoeke aan werksplekke, besoeke deur werkgewers, films en tydskrifte en ander literatuur. Die onderwyservoorligter is egter nie toegelaat om psigometriese toetse af te neem nie (Visser, 1970:63-64; Kruger, 1975:5 e.v.).

## 2.5 DIE RGN-ONDERSOEK NA ONDERWYSVOORSIENING IN DIE RSA (1981) MET BETREKKING TOT DIFFERENSIASIE

Volgens die verslag van Werkkomitee nr. 7 van die genoemde RGN-ondersoek (RGN, 1981(a):32), moet daar differensiasie plaasvind ten opsigte van kwalifikasies, die pligtestaat en die posbenaming van voorligtingpersoneel om op hierdie wyse te sorg dat elke kind tot optimale selfverwesenliking gelei kan word. Die volgende gedifferensieerde opleidingsbehoeftes kom ook in die betrokke Werkkomitee se verslag (RGN, 1981(a):32-34) na vore, naamlik:

(1) Opleiding van alle onderwysers

Elke onderwyser as voogonderwyser binne die voogprogram van die skool, moet die leerling kan bystaan en hom tot self-verwerkliking lei. Hiervoor is die vereiste kwalifikasie in skoolvoorligting wat algemene en beroepsvoorligting op diploma- en/of graadvlak insluit. Roostervoorsiening behels twee periodes per week.

(2) Gespesialiseerde opleiding van beroepsvoorligtingonderwysers

* Die beroepsleier/loopbaan-/beroepsvoorligter as senior lid van die kinderleidingkliniek, is verantwoordelik vir beroepsvoorligting binne die komprehensiewe eenheid waarin die skool ressorteer. Hy moet minstens beskik oor 'n M-graad wat hom in staat sou stel om te voldoen aan vereistes wat deur die destydse Suid-Afrikaanse Onderwysersraad (SAOR) gestel is en vir registrasie by die Beroepsraad vir Sielkunde.

* Die assistent beroepsvoorligter is onder die leiding van die beroepsleier/loopbaan-/beroepsvoorligter verantwoordelik vir sekere aspekte van die beroepsvoorligting by een of meer sekondêre skole met hulle voeder primêre skole. Hy moet minstens beskik oor 'n B.Ed.-graad met spesialisering in skoolvoorligting en voldoen het aan die vereistes wat gestel is vir registrasie as psigometris by die Beroepsraad vir Sielkunde.

* Die junior beroepsvoorligter moes in samewerking met die assistent-beroepsvoorligter beroepsvoorligting in die sekondêre skool gee soos bepaal deur die betrokke skoolhoof. Hy moes minstens beskik

oor 'n 4-jarige voorgraadse onderwysersopleiding met Skoolvoorligting, Sielkunde en Opvoedkunde as verpligte vak op derdejaar graadvlak. Twee skoolvakke met minstens een daarvan op tweedejaarsgraadvlak, vakdidaktiek in Skoolvoorligting III en 'n vaardigheidsvak moes geneem word.

* Die onderwyservoorligter, ook departementshoof opvoedkundige leiding, kon verantwoordelikheid aanvaar vir algemene skoolvoorligting, moes minstens oor 'n B.Ed.-graad met spesialisering in Skoolvoorligting en Sielkunde III, of oor 'n ekwivalente honneursgraad beskik. Sielkunde met Opvoedkunde I as 'n verpligte vak en ander onderwysgerigte vakke is as vereiste gestel ten einde leerlinge te kan help met betrekking tot hulle keuses, gedrag en algemene selfverwerklikingsterreine. Hierdie posbekleër moes by die SAOR registreer, maar nie noodwendig by die Beroepsraad vir Sielkunde nie.

## 2.6 IMPLIKASIES EN INVLOED VAN DIE VROEëRE HISTORIESE VERLOOP OP DIE KOERSVERANDERINGE IN DIE SEWENTIGERJARE

Gedifferensieerde onderwys het eintlik eers in die sewentigerjare sy beslag gekry en uiteraard moes dit ook neerslag vind in die Skoolvoorligting en Opvoedkundige leiding in die algemeen en Beroepsoriëntering in die besonder. Tendense hier te lande en soos in die enkele voorbeelde uit die buiteland, het inderdaad meegebring dat veral vanaf 1973, 'n koersverandering in die RSA plaasgevind het.

In 'n gedifferensieerde onderwysstelsel is individualisering as pedagogiese en onderwyskundige beginsel van groot belang. Die vraag ontstaan of kursusse en die opleiding van onderwysers werklik plek inruim vir individualisering en op watter stadium die voornemende onderwyser se beroepsgeskiktheid ter sprake kom. Die klem val inderdaad op die indivi-

duele kind en die opvoeding- en omgangsverhouding, asook die ontsluiting van die kind se potensialiteite.

Volgens die verslag van die Werkkomitee: Voorligting, RGN-ondersoek na die Onderwysvoorsiening in die RSA (RGN, 1981: 30-31) behels Loopbaanoriëntering voorligting by loopbaantoetrede, latere loopbaanveranderinge en die loopbaansukses van die werkende mens.

Die bogenoemde RGN-ondersoek (De Lange-verslag) het inderdaad groot prominensie in die tagtigerjare gekry en verreikende bevindings en aanbevelings is deur die onderskeie werkgroepe gemaak. Derhalwe moet daar ook 'n bespreking in hierdie verband in hierdie studie oor die genoemde ondersoek gevoer word omdat 'n opvolgondersoek (spesifiek oor loopbaanonderwys), die Walters-komitee se ondersoek na loopbaanonderwys (1990) se bevindings en aanbevelings as 'n uitvloeisel van die De Lange-verslag beskou kan word.

## 2.7 SAMEVATTING

Ten einde die Suid-Afrikaanse Skoolvoorligtingstelsel in perspektief te plaas, was die voorligtingsdienste in enkele lande, byvoorbeeld Brittanje (Skotland), die Verenigde State van Amerika, België en dié van Wes-Duitsland van nader beskou.

Daar is in hierdie hoofstuk gepoog om 'n breë algemene perspektief van die voorligtingstelsels in enkele oorsese lande en in die RSA te verkry soos wat dit tot en met die sewentigerjare funksioneer het. Sedert die middel sewentigerjare is daar inderdaad groter aandag aan beroepsleiding as sodanig gegee. Dit het voortgespruit uit die baanbrekerswerk van vroeër, die vestiging van opvoedkundige leiding as 'n noodsaaklike, maar integrale deel van die opvoedkundige leidingprogram. Gedurende die tagtigerjare is daar dan ook voortgebou op die fondamente van vorige dekades.

In hoofstuk 3 sal daar gelet word op beroepsleidingprogramme van enkele oorsese lande en na bestaande provinsiale onderwysdepartemente se beroepsleidingprogramme in die RSA. Daar sal in die besonder gelet word op die inhoud van die beroepsleidingprogram van die sekondêre skool binne die Transvaalse Onderwysdepartement.